Hoërskool Heilbron sluit seisoen onoorwonne af

Die eerste krieketspan van die Hoërskool Heilbron het in 'n spannende finaal teen Hoërskool Vanderbijlpark as oorwinnaars uit die stryd getree en sodoende hulle seisoen onoorwonne afgesluit. In hulle uitspeelwedstryde klop hulle HTS Carel de Wet met 8 paaltjies, Vaal High met 8 paaltjies, Sedibeng met 54 lopies, Riverside met 74 lopies en Hoërskool Vanderbijlpark met 21 lopies. In die finaal het hulle weer teen Hoërskool Vanderbijlpark gespeel en hulle dié keer met 5 paaltjies geklop.

Op die foto van voor: Waldo Snyman, Mnr. Kobus Piek, Wilhelm Erasmus, Mnr. David Knight en Hanro Volschenk. Middel: Ockert Oosthuizen, Arno Hendrikse, Johan van der Westhuizen, George Roos, JJ Joubert, Ryan Nel en Geo Hausleitner. Agter: Lukas Terre'Blanche, Tiaan van Staden, Waldo Steyn, Bertus Swart, Adriaan Pelser.

Langasem atleet maak Hoërskool Heilbron trots

Hoërskool Heilbron is nog altyd baie trots op hul langasem atlete. Kirsten Muller is 'n sprekende voorbeeld van 'n langasem. Sy het sommer maklik deur die hele tweede kwartaal landloop gedoen tussen haar akademie, dans, netbal en tennis deur. Só is Kirsten gekies om die Fezile Dabi span te gaan verteenwoordig in Bloemfontein. Daar was die kompetisie baie styf en tussen 38 dogters het Kirsten 15de geëindig, met 'n ongelooflike tyd van 12,45 op die 3 kilometer. Die skool hou met opgewondenheid die spasie dop in 2019.